higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MENSLIKE HULPBRONBESTUUR: BOERDERY N6

(4090516)

9 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 6 bladsye.

262Q1J2109

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MENSLIKE HULPBRONBESTUUR: BOERDERY N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Boere kry soms te make met moeilike omstandighede wat hul winsgewendheid en dus volhoubaarheid bedreig. In sulke gevalle het hulle slegs een keuse, naamlik om hul personeel te verminder.

1.1.1 Definieer *personeelvermindering*. (2)

1.1.2 Verduidelik die verskil tussen *uitdiensstelling* en *oortolligheid* wat personeelvermindering betref. (4)

1.1.3 Verduidelik kortliks die spesifieke riglyne wat in aanmerking geneem moet word wanneer plaaswerkers vir ontslag geïdentifiseer word. (5 × 2) (10)

1.1.4 Stel enige VIER maniere voor wat gebruik kan word om personeelverminderings op plase te voorkom. (4)

1.2 Enige boerderyonderneming moet oor ’n grieweprosedure beskik om boere te help om griewe te hanteer.

1.2.1 Verduidelik kortliks die term *grieweprosedure.* (2)

1.2.2 Noem in chronologiese volgorde VYF stappe wat in ’n grieweprosedure gevolg moet word. (5)

1.2.3 Identifiseer VYF aspekte van die onderneming wat die aantal stappe bepaal wat in ’n grieweprosedure gevolg moet word. (5)

1.2.4 Sit die rol van toesighouers in ’n grieweprosedure uiteen. (5 × 1) (5)

1.3 Plaasarbeiders wie se optrede of gedrag die gedragskode van die plaas skend, sal deur die boer vir ’n dissiplinêre verhoor ontbied word.

1.3.1 Noem in die korrekte volgorde die VIER dissiplinêre handelinge wat tydens die progressiewe toepassing van dissipline gevolg moet word. (4)

1.3.2 Adviseer die plaasarbeiders oor die regte wat hulle tydens ’n dissiplinêre prosedure kan uitoefen. (5)

1.3.3 Onderskei tussen *prosessuele billikheid* en *substantiewe billikheid* tydens dissiplinêre handelinge. (4)

[50]

VRAAG 2

2.1 Definieer die volgende terme:

2.1.1 Direkte primêre vergoeding

2.1.2 Indirekte primêre vergoeding

2.1.3 Direkte sekondêre vergoeding

2.1.4 Indirekte sekondêre vergoeding

(4 × 2) (8)

2.2 Gee EEN voorbeeld elk vir die verskillende vorme van vergoeding wat van VRAAG 2.1.1 tot VRAAG 2.1.4 hier bo genoem word. (4)

2.3 Plaasarbeiders word deur middel van twee metodes, tydtariewe en stukwerktariewe, betaal.

2.3.1 Onderskei tussen *tydtariewe* en *stukwerktariewe*. (4)

2.3.2 Watter een van die twee metodes in VRAAG 2.3.1 is beter? (1)

2.3.3 Staaf jou antwoord in VRAAG 2.3.2. (3 × 1) (3)

2.4 'n Staking deur plaasarbeiders kan *wettig* of *onwettig* wees.

2.4.1 Noem VIER handelinge wat in die beskrywing van 'n staking gebruik word. (4)

2.4.2 Onderskei tussen 'n *wettige* en *onwettige* staking. (4)

2.4.3 Bespreek enige DRIE gevolge wat 'n onwettige staking vir plaasarbeiders inhou.

(3 × 2) (6)

2.5 Bespreek die pligte van 'n werkvloerverteenwoordiger van 'n vakbond in 'n boerderyonderneming. (10)

2.6 Noem SES redes waarom plaasarbeiders lede van vakbonde kan word. (6)
[50]

VRAAG 3

3.1 Die Werkloosheidsversekeringswet (WVF) is 'n belangrike wet wat ontwerp is om plaasarbeiders in tye van nood by te staan.

3.1.1 Noem die hoofoogmerk van die WVF-wet. (2)

3.1.2 Bespreek kortliks die rol van die werkgewer ingevolge die WVF-wet. (5 × 2) (10)

3.1.3 Aan watter vereistes moet werkers voldoen om vir die werkloosheidsfonds te kwalifiseer? (3)

3.1.4 Verduidelik die aard en omvang van voordele wat plaasarbeiders van die WVF-fonds sal ontvang. (4)

3.2 Noem enige NEGE opskrifte wat in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes bespreek word. (9)

Kopiereg voorbehou

3.3 Verduidelik kortliks die belangrikheid van die loonwet. (6)

3.4 Beskryf die doel van die volgende wette op ’n plaas:

3.4.1 Die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid (3)

3.4.2 Die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes (3)

3.5 ‘Die Wet op Arbeidsverhoudinge maak die hoofpilaar van die Suid-Afrikaanse stelsel van arbeidsverhoudinge uit.’

Identifiseer die doelstellings van die Wet op Arbeidsverhoudinge. (6)

3.6 Bespreek enige TWEE stappe wat ’n plaasarbeider by beëindiging van sy diens kan doen. (4)

[50]

VRAAG 4

4.1 Definieer die term *posbeskrywing.* (2)

4.2 Gee nou enige VIER komponente van ’n posbeskrywing vir ’n plaasbestuurder. (4)

4.3 Bespreek die behoefte aan ’n afdeling vir mensehulpbronne in ’n boerderyonderneming. (8)

4.4 Gee enige VIER voordele van plaaswerk wat jy kan gebruik om potensiële werknemers aan te moedig om aansoek te doen. (4)

4.5 Onderskei tussen *afwesigheid* en *werknemeromset.* (4)

4.6 Beskryf hoe die volgende probleme rakende mensehulpbronne die landbousektor beïnvloed.

4.6.1 Lae produktiwiteit

4.6.2 Verstedeliking

4.6.3 Ongeskoolde arbeidsmag

(3 × 2) (6)

4.7 Herzberg het ’n motiveringsteorie ontwikkel wat higiëne- en motiveringsfaktore insluit.

4.7.1 Gee TWEE redes waarom plaasbestuurders van werknemermotivering moet kennis dra. (2)

4.7.2 Onderskei tussen *higiëne-* en *motiveringsfaktore*. (4)

4.7.3 Noem enige VIER motiveringsfaktore. (4)

Kopiereg voorbehou

4.8 Teorieë oor mensehulpbronbestuur lewer positiewe werkverrigtingsresultate in die werksplek op indien korrek toegepas.

4.8.1 Noem die aannames waarop die tradisionele teorie gegrond is. (4)

4.8.2 Beveel VIER maniere aan waarop boere die teorie oor menslike verhoudinge kan toepas. (4)

4.8.3 Adviseer ’n boer oor die beste teorieë oor mensehulpbronbestuur uit drie wat beskikbaar is. (4)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou